

*
Die vasteland waarop ons boer

deur

Hennie Aucamp

* Rede gehou by die bekendstelling van Wys my waar is
Jimboekloë op 14 Augustus 1997 in Het Bakhuys,
Kasteel De Goede Hoop.

I

[In die jare vyftig het twee bundels in Afrikaans verskyn, kort na mekaar, wat soos bliksemstrale ingeslaan het op die letterkunde. Die een was die digbundel Steenbok tot Poolsee (1955) van Peter Blum; en die ander was 21 (1956) van Jan Rabie, 'n bundel "prosas", om by Rabie se eie terminologie te bly. Die Afrikaanse letterkunde was nooit meer dieselfde daarna nie. Die hele "beweging" van sestig is volgens my terug te voer na hierdie twee seminale werke.

[Wat die twee bundels onder meer gemeen het, is die spanning Europa-Afrika. Dit kom ^{sterk} uit in Rabie se verhaal "Droogte", waarin vertel word hoe 'n swart man en 'n wit man 'n huis bou. 'n Politieke dialoog voltrek hom tussen die twee mans; 'n gesprek wat gaandeweg ~~driftiger~~ raak, vol verwyte en aanklagte. Die spanning tussen die twee bouers kom nie tot versoening nie, want die witman bou 'n huis sonder vensters en deure. Hy sluit die bar Afrika-landskap uit. Hy emigreer na binne. Hy laat hom toemessel in sy eie huis. Die swart man voel ^{besorg oor die wit man en} bedreig deur die droogtelandskap. Hy klop aan die huis: "Kom uit, Baas... Kom uit na my..."

[By Blum staan die Europa-Afrika-spanning reeds in sy openingsvers, "Nuus uit die binneland", opgedra aan Dirk Opperman. Blum het aangevoel dat Opperman net soseer 'n Afrika-mens is as 'n

Maar "Droogte" is veel meer as 'n allegorie oor swart-wit-spanninge. Dis 'n ekopolitieke allegorie, met droogte en waestynwinde as die werklike antagoniste van die allegorie.

Europeër, en het Opperman "die bonkige Zoeloelander"
 genoem. Eiternal het die kensketsing selfs verder gegaar:
 hy het Opperman "in wit Zoeloe" genoem. Hier volg die
 Blum-gedig:

NUUS UIT DIE BINNELAND

vir Dirk Opperman

Soms in die winter as die reën sag stuif
 op grasperke, dig en diep soos 'n tapyt—
 as hy die rotsige bergreeks wegskuif
 agter 'n misgordyn—as voor die ruit
 popliere, eike en kastaiingbome
 saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
 terwyl ons oor 'n ou beskawing lees—
 dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
 van waters wat kalmeer, en in die gees
 vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in 'n najaarsdag se skemerty
 stap ons in 'n stil straatjie en gewaar
 deur 'n ou bolig, kunstig uitgesny
 in vlegtende patroon van druif en blaar,
 die lig van verre dae: Ons word gesluk
 soos deur 'n mond; die louterse getik
 van 'n ou horlosie vervang ons ontstoke
 harte se ritme in die kamerhoek,
 en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
 in die vernislaag van 'n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
 en tussen ons rondkrap soos 'n stok
 in 'n miershoop—in die palms blaai
 nes 'n barbaar in 'n keurige boek—
 dan is ons rillend buite alle mure
 wat ons opstapel in redelike ure
 met doel en plan—
 ruik ons droogte en brand, en gerug
 van sprinkaan, aardbewing en oproer
 op daardie skroeiende binnelandse lug
 —dan, dan
 weet ons op watter vasteland ons boer.

[Blum se twee slotreëls

[- dan, dan

[weet ons op watter vasteland ons boer

word deur 'n aandagstreep voorafgegaan, wat dit duidelik stel dat ons hier ~~met~~ met 'n slotsom te maak het.

[Blum se slotsom het rillinge by my rug afgesteun ^{in die jaar 1955} maar hierdie rillinge was bloot "literêr", want in daardie stadium was Afrika vir my weinig meer as 'n abstraksie. Eers toe skokgolwe Suid-Afrika in die ^{tagtig- en} negentigerjare tref, het ek - en ek glo 'n groot persentasie van my tydgenote - ruit ons Rip van Winkel-slaap ontwaak. Ons het onself begin vra, en let wel, in politieke ges: Op watter vasteland boer ons?

II

[In 'n sin is my bloemlesing Wys my waar is Jimboektoe 'n poging om 'n ~~antwoord~~ antwoord te vind op die vraag: Op watter vasteland boer ons?

[Ook was die tyd, vir my persoonlik, besonder geleë vir so 'n grootskaalse onderneming. Ek het begin-'94 uitgetree uit die akademie, en as ruitgetredene had ek die tyd vir wyd lees en navrae doen.

Landspolitiek, Afrika-politiek, ekologie-politiek is natuurlik daagliks in die nuus, en hier was veral TV-dokumentêre van 1994 af vir my 'n groot stimulering, veral reekse oor die Afrika noord van die ewenaar, want ek het van die begin af geweet dat ek die hele Afrika wil betrek.

[In 'n spesiale uitgawe van die *Revue Noire* word daar baie gefilosofeer oor die twee Afrikas: Noord-Afrika, en die Afrika suid van die Sahara. Die slotsom is dat Afrika-eenheid 'n diffuse begrip is en miskien net op kultuurgebied haalbaar is, maar selfs oor laasgenoemde moontlikheid word getwyfel. Tog word gesuggereer dat in terme van kultuurblokke en kultuuruitruiling gedink moet word, en dat aandag aan 'n Euro-Afrika-blok gegee moet word. Die *Revue Noire*-uitgawe ter sprake heet dan ook Die Mediterreense Afrika (*Afrique Méditerranéenne*), en sekerlik sal niemand die kultuuruitwisseling tussen die twee entiteite weerskante van die Ouwêreldsee wil ontken nie.

[Dis waar dat "Eurosentrisme" op politieke terrein 'n skeldwoord geword het, en dit kan ook verwag word in die hitte van politieke vryheidsbewegings, maar ek glo dat die uitruilings tussen Europa, Amerika, Asië en Afrika al soveel eeue aan die gang is dat dit as 'n onloënbare, durende feit erken moet word. Altans op kultuurgebied; en kultuur sluit taal in. Hoeveel Afrika-literatuur – ook van Nobelprys-statuur – is deur swart skrywers geskryf, maar in Europese tale soos Engels, Frans en Portugees?

[My bloemlesing konsentreer op kultuuraffiniteite tussen Noord-, Sentraal- en Suider-Afrika. Maar die blote geografie van Afrika is al 'n bindmiddel: die woestyne van Afrika, die droogtes, die stofstorms. En dan is daar die berge, die mere, die riviere, die kus van Afrika self, met die Kaap van Storms in die Suide en die Ouwêreldsee in die Noorde.

[En verder is daar die diere en die voëls; o ja, die diere en die voëls. Dis of die diere en

voëls die mens uit 'n bloemlesing van dié aard én van die blad én van die Afrika-kontinent af wil wegdruk. Hulle was op stuk van sake deel van die kontinent lank vóór die mens. Dis byvoorbeeld ontroerend om bekendes soos die kolgans, die jakkals en die bobbejaan in Ou Egiptiese kuns terug te vind, en bekende boksoorte in rotsskilderye in die Sahara.

[Ook moes die elementale dinge tot hul reg kom: vuur, water, lug, aarde. En hier was die fabels en sprokies van 'n kontinent 'n onuitputlike bron van lering en vermaak; sprokies van die Joruba, die San, die Zulu, die Sotho, die Venda en ander kulture.

[Hier moet ek met 'n tersyde kom. Reeds in die vorige eeu, toe *Ons Klijntji* Von Wielligh se wonderlike optekeninge van San-verhale geplaas het, was etniese materiaal 'n belangrike komponent van die Afrikaanse tydskrif. Die plasing van oorvertellings van inheemse verhale in tydskrifte soos *Die Huisgenoot*, *Die Brandwag*, *Die Boerevrou*, *Die Jongspan* en *Die Naweek* het tot in die laat veertigerjare toe geduur. Dié verhale was gewild, en die rede hiervoor lê voor die hand: die Afrikaner se preliteratuur was óók volksvertellings – jagstories, spookstories, liegstories. Met die hedendaagse klem op die mondelinge tradisie moet ook die volgende vermeld word: dat die Afrikaanse letterkunde sterk gevoed is deur die orale tradisie, en dat dié tradisie – in vertaling – in 'n beduidende mate bruin en swart was. Binne 'n nuwe Suid-Afrika verdien 'n reeks vertaler-baanbrekers – of noem hulle kultuurfasiliteerders – opnuut aandag en waardering. Ek noem enkele name: G.R. von Wielligh, Otto Schwelnuss, Héléne de Villiers, Minnie Postma, J.H. Bothma, G.H. Franz, Marié Opperman.

Maar die mens en die politieke dimensie kon nie onbepaald geïgnoreer word nie. Die mens is nie 'n randfiguur of versiering in Afrika nie: hy is 'n werklikheid, 'n politieke werklikheid, wat dié kontinent ekologies kan verwoes of bewaar. Karen Blixen het Afrika 'n "tragiese" kontinent genoem, en 'n groot deel van die tragiek het met die onverdraagsaamheid van mense teenoor mekaar te maak. "Konflik en geweld" is onvermydelik 'n onderafdeling van dié bloemlesing: wat daar in dié afdeling staan, is dikwels bloedstolend, skokkend en hartverskeurend.

Die slotgedeelte van my bloemlesing word aan versoeningsverhale gewy – versoenings tussen opposisies in eie gemoed; versoenings tussen rasse; versoenings tussen kultuurgroepe. Versoenings is meesal "brewwe ligmente" in ons bestaan, om Peter Blum se uitdrukking te gebruik; maar hierdie vervlietende oomblikke is essensiële steunpunte vir die gemoedsrus van individue en volkere. Ons móét bly glo dat mense soms hul kleinlikhede kan oorstyg tot nut van die algemeen.

[Natuurlik is Wys my waar is Timboektoe 'n voorlopige en eensydige antwoord op die vraag: Op watter vasteland boer ons? Daar moet ^{ook} 'n bloemlesing kom uit swart gelede, sê maar met Wole Soyinka as redakteur, Ek het uit my kennis- en verwysingswêreld gebloemles; om meer aan te durf, sou tot valshede en pretensie gelei het.

[Hef Wys my waar is Timboektoe iets van die Europa-Afrika-spanning op? Ek betwyfel dit. Ek betwyfel ^{selfs} ^{so iets} dit haalbaar is. 'n Afrika-mens soos Henk Rall, grootwildjagter, medikus, digter, prozasnywer het besluit om te emigreer. In 'n brief aan my skryf hy soos volg:

Vir my het die jagtyd verbygegaan, soos ook my professionele lewe. Daar is grense in 'n gans ander tyd waarvoor ek moet ...

Vreemd hoedat ek my maar nie heeltemal van Afrika voel nie, steeds nie wil opgaan in sy onkenbare onbewuste nie — uit orees dat ek my Westere "siel" daardeur mag prysgee?

[Iets van dies ^{selfde} sentiment slaan ook deur in 'n brief van Margaret Bakkes wat ek ontvang ~~my ingewag~~ het na 'n onlange reis deur die Kaokoveld. By Zesfontein is ons geselskap — Franz Marx, Marius Bakkes, Liesbeth Botha en ek — ingewag deur Margaret se twee ander seuns: Johannes, haar oudste, en Christiaan, haar jongste; elkeen 'n Nimrod, met baard en lang hare; jagters,

Johannes wil deur Afrika na Noord-Afrika; onderweg by Jimboektōe aandoen.

bodembewuste mense, natuurbeskermers. ↓ Maar Johannes was al 'n keer byna dood aan malaria, en Christiaan is in sy ~~le~~^{tylperk} as wildebewaarder deur krokodille vermink. Van laasgenoemde traumatiese ervaring vertel Margaret Bakkes in haar verhaal "Benedicta"; die verhaal. tehoort, waarmee ek my bloemlesing afsluit. Teen dié agtergrond moet die volgende aanhaling uit Margaret se brief aan my verstaan word:

Ten slotte dié probleem — en miskien sal Wys my waar is Jimboektōe daarmee help — want sien, I can't come to terms with Africa. Dié verdomde kontinent is vir my 'n bedreiging. Hy eis my kinders op, skeur arms af en gesinne uit mekaar, vernietig my sekuriteit, my vashou aan my Europese wortels, my taal, my intrinsieke identiteit — ag, sommer verdomp alles!

[Ek dink ons moet aanvaar dat die Europa-Afrika-spanning wesenlik is binne die Afrika-opset, en nie kosmeties weggedokter kan word met Afrika-flistasies ~~soos~~ soos etniese klededrag en sierade nie. Vere maak nie noodwendig die voël nie. Maar wat ons wel kan leer, is om die Europa-Afrika-spanning as iets positiefs te ervaar; as 'n kreatiewe stimulus.

[In 'n onderhoud met Paris Review (1984: 261) noem Nadine Gordimer iets interessants. Wanneer sy in Amerika, Engeland, Frankryk kom, tref één ding haar: "nobody's at risk." Dit mag vreemd klink, selfs pervers, maar

⁷
die skrywer is in wese 'n "dangefreak"; iemand wat opge-
skerp en waaksaam lewe; blootgestel; voortdurend "at risk".
En nêrens is hy - ook volgens statistiek - so onveilig soos in Afrika nie.

[Sal Henk Rall Afrika aflê; vergeet in die vreemde? Of
Margarett, of ek, of wie ook al? 'n Haat-liefde-verhou-
ding kom nooit tot rus nie; dis 'n gif, maar ook 'n
gawe. So, alrens sien Doris Lessing die verhouding van
die skrywer, wit en swart, tot Afrika. Ek laat die
laaste woord aan Doris Lessing:

That (Africa) is not a place to visit unless
one chooses to be an exile ever afterwards
from an inexplicable majestic silence
lying just over the border of memory or of
thought. Africa gives you the knowledge
that man is a small creature, among other
creatures, in a large landscape.

[Ek dank u vir u aandag.

The book cover features a textured, light-colored background with a wavy, golden-brown pattern. At the top, there is a dark, reddish-brown area with a small white dot. The text is centered and reads:

HENNIE AUCAMP .

WYS MY WAAR IS

TIMBOEKTOE

TAFELBERG-UITGEWERS

nooi u as skrywer en samesteller spesiaal uit
na 'n woordreis deur Afrika

WYS MY WAAR IS TIMBOEKTOE

SAMESTELLER: HENNIE AUCAMP

word bekend gestel op
Donderdag, 14 Augustus 1997
in Het Bakhuis, Casteel De Goede Hoop
18:30 vir 19:00

Kom luister na Johann Nel se voorlesings
en ontmoet ons voorste Afrikaanse skrywers en
vertalers wie se werk opgeneem is

Parkering: Op die Parade

R.S.V.P.

voor of op Vrydag 8 Augustus
by Ursula Solms, Tafelberg-Uitgewers
Tel (021) 241 320 of faks (021) 242 510



TAFELBERG

ISBN 0 624 03547 6



9 780624 035473